# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 September 1996 Vol. 20

## IS DAAR NOG SONDAARS OOR?

Daar is 'n aanloklike leuen in die omtrek. Dit lui soos volg: Jy moet die SONDE haat, maar die SONDAAR moet jy liefhê. Hierdie leuen se propageerders wil dan ook 'n Bybelse begronding hê vir hulle stelling. En hulle vind dit ook - hulle redeneer dat God ons mos beveel om ons naaste en Hom lief te hê soos ons self (Mark 12:33). Omdat God dus liefde vir die sondaar gebied, is dit onmoontlik dat jy die sondaar kan haat. Gevolglik word die verleidelike leuen gebore: haat net die sonde.

Maar heeltemal so logies en Bybels as wat hierdie siening wil voorkom is dit egter nie. Twee sake moet aan die orde gebring word. Ten eerste moet onder "liefhê" verstaan word wat God daarmee bedoel, en nie die wêreld nie. En tweedens moet na die gevolge vir kerk en staat gekyk word as hierdie leuens toegelaat word om te gedy.

### Denkfoute

Die siening dat mens die sonde moet haat maar die sondaar moet liefhê, berus op 'n paar denkfoute. Sonde is in die Bybel nooit 'n groot, abstrakte, losstaande ding naas die mens nie. Sonde word altyd verbind aan die mensdom se oortreding teenoor God. Sonde as iets wat op homself bestaan en "van buite" die mens bedreig en beheers, is onwaar. Die Skrif leer duidelik dat die ongehoorsaamheid van die satan en sy engele in die hemel daartoe gelei het dat Adam en Eva teen God oortree het. Sonde is dus altyd ongeregtige optrede voor en teen God.

### Nie los van mens

Nooit mag sonde dus verselfstandig word en van die hartsoptrede van die mens ontkoppel word nie. Mense sondig. Sonde het nie sy eie bestaan los van die skepsele en wette van God nie. Nooit mag sonde egter ook verhorisontaliseer word nie, asof net twee menslike partye teen mekaar sondig. Daar is altyd 'n derde gesigshoek - die wetlike teenwoordigheid van God. Mense sondig teen God, omdat God se wet geld. Sonde teen 'n medemens is ten eerste sonde teen God. Sonde is nie 'n normale menslike sielkundige afwyking waarvoor daar begrip en vaardighede aangeleer moet word nie. Sonde is menslike oortreding van God se bevele.

Dit is dus duidelik dat die siening om jou naaste se sondes te haat maar hom lief te hê, nie ooreenstem met wat God leer oor die liefde nie. Waar is daardie sonde wat gehaat moet word? Dit is geensins logies om te sê "haat die sonde en nie die sondaar" nie. Dit het geen waarde om so te haat nie. Inteendeel, sulke haat is geen haat nie, maar hoogstens 'n afkeurende opmerking. As die sonde van die sondaar losgemaak word, ontstaan die vraag: is daar nog enigsins sondaars? En nog erger, is daar nog skuld en blaam wat verantwoord moet word?

### Set van satan

Hierdie leuen (om net die sonde te haat) is in wese anti-Christus gesind. Dit is 'n fyn set van die satan. As die sonde gehaat moet word, is dit ook die sonde se skuld en is die een wat dit pleeg, eintlik onskuldig. Is die

*In hierdie uitgawe:*


★ IS DAAR NOG SONDAARS OOR?
A.L.A. Buys ........ 1

★ Skrifoordenking:
AANHOU MET MOOIPRAAT...
Ds. R.L. Vorster ........ 3

★ DIE INTERNASIONALE POLITIEK EN DIE KONINKRYK VAN GOD
Dr. J.F. Kirsten ........ 5

★ BESWARE TEEN DIE UITVERKIESING WEERLê: J. Calvyn ........ 7

★ VOOROORDEEL TEEN CALVYN
Prof. B. Armstrong ........ 9

★ Boekresensie: EK GLO EN WERK
Dr. M.J. du Plessis ........ 11

huidige samelewing se probleem nie juis dat daar net sonde en nie meer sondaars is nie - en gevolglik word die redding van Christus vir sondaars nie opgesoek nie, want niemand is meer werklik skuldig nie. By 'n onlangse optog van bendelede wat teen die optrede van die sogenaamde PAGAD betoog het, was een van die slagspreuke van die bendeleiers: "PAGAD val die sisteem aan en nie die slagoffers nie".

## Landsprobleme

As sonde en sondaar so netjies geskei word, kan daar nog van sondaars gepraat word? Nee, en dit is een van die grondprobleme van die land. Daar word met hierdie leuen gepoog om God uit die prentjie te haal. Daar hoef nie meer as sondaar voor God om vergifnis gesmeek te word nie, maar die sonde (selfs soos wat die wêreld dit interpreteer) moet bestry en gehaat word.

## Ken ons nog sondaars?

Dit is egter hoegenaamd geen oplossing om net DIE SONDE te bestry en te haat nie - dit is om wind met die hand te vang. Ken Suid-Afrika nog 'n sondaar as ons een sien? Ons soek sonde en daar word duisende redes en oplossings daarvoor aan die hand gedoen. Om 'n paar voorbeelde te noem:

- Hoe word die afgod "Geluk" nie in groter getalle aanbid met die uitbraak van dobbelary nie. Nie alleen word dobbelary nie meer as sonde gesien nie, wat staan nog om te erken dat dit sondaars is wat dobbel.
- Hoe irriterend is dit nie om nog 'n politikus te hoor wat "oorlog teen MISDAAD" verklaar het nie. Maar dis om vlakhase te voet te jaag. Die misdaad kan nie beskuldig word nie - dis die MISDADIGER wat in sy hart teen God oortree en sy wette onder sy voete vertrap. Dis die sondaar wat voor Christus gestel moet word, waar die sondaar vryspraak uit genade ontvang, of by verharding wraak van God ontvang oor die sondaar se sondedade.
- Hoe kir en koer die pers nie oor die verhoudings wat staatsmanne tans het nie. Maar nêrens word die woord egbreker of hoereerder gehoor nie.
- So het die land nie 'n "dwelmprobleem" nie, ons het 'n dwelmhandelaar-probleem. Ongelukkig ken die menseregters geen sondaars meer nie, hulle ken net die sonde, en ook net dié wat hulle wil opnoem.
- Waarom is dit so dat ons sien dat die wetsoortreder se "regte" meer weeg as selfs die slagoffer se lewe? Dit is omdat ons land se mense nou begin glo dat jy die sondaar moet liefhê, maar sy sonde moet haat. Dis ook die onderliggende rede waarom die doodstraf wederregtelik afgeskaf is.

## Sataniese liefde

Al hierdie sake wortel in die bogenoemde leuen. Hierdie leuen is niks anders as 'n sataniese liefde vir wetsoortreding teen God nie. Ons land het nie 'n rasseprobleem, of 'n probleem met ons verlede, of 'n ekonomiese probleem nie - ons probleem is dat ons die waarheid verlaat het op hierdie punt. Ons weet nie meer wat dit is om ons naaste waarlik lief te hê nie. Ons het God se definisie van wat 'n sondaar is, vergeet. Ons weet nie meer wie sondaars is nie. Ons dink dis genoegsaam om sonde te haat, maar ondertussen neem die haat en opstand van die bevolking, die mense, teen God toe.

## Kerke sit vasgevang

Dit alles kon nog afgeskryf word as komende uit "die wêreld". Maar die treurige is dat kerke, teoloë en lidmate, meerendeels vasgevang sit in hierdie leuen. Wat gaan die gevolg wees vir die kerk as hierdie leuen nie besweer word nie? Net een ding: die tug gaan 'n stadige dood sterf. God het die tug in sy kerk beveel om sondaars te vermaan en na Hom terug te bring - nie DIE SONDE nie. Die vraag is heel eenvoudig: kan 'n mens sonde van die nagmaalstafel afhou of sondaars wat weier om te bekeer? Dis tog duidelik - ons moet verharde sondaars afhou. Indien ons net die sonde wil haat en die sondaar wil liefhê, gaan kerke ontbind omdat die tug gruwelik versaak word.

## Soos jouself

Word hier nou 'n teologie van haat verkondig? Geensins. God beveel ons om ons naaste lief te hê - soos onsself. Dit beteken nie ons moet ons liefde vir onsself dupliseer op ander nie. God beveel ons om, soos ons self deur Christus liefgehad is toe Hy vir ons gesterf het, so moet ons ook ons naaste liefhê. Hierdie liefde kan en mag nie losgemaak word van God se heiligheid nie. Iemand word gered as hy tot bekering kom van sondes, as hy erken hy is 'n sondaar wat Christus nodig het. Slegs so, soos Christus sy kerk liefhet, so kan en moet ons mekaar en ons naaste liefhê.

## Christus die maatstaf

Christus se liefdesoptrede is die maatstaf van wat liefde is. Dieselfde Christus wat ook as

Regter van die goddelose sal optree. Liefde en haat is dus geen teenoorgesteldes nie. Mens kry Goddelike liefde en haat en sataniese liefde en haat. Dit is onjuis om te dink enige liefde Goddelik is en alle haat verkeerd is.

### Kerk bedreig

Ons moet ons naaste liefhê: dit beteken ook om geensins toe te gee aan druk om die redes wat sondaars vir hul sondes opdis, te aanvaar nie. Die Godsvyande moet gehaat word, uit liefde vir God. Die naasteliefde sluit nie haat uit nie. Aan sondaars moet Christus verkondig word, Christus as Verlosser en Regter. Solank as wat daar geen bekering van die Godsvyande is nie, moet die skeidslyn tussen kerk en wêreld duidelik blyk. Hierdie leuen om net die sonde te haat, bedreig die kerk se uniekheid.

God se optrede teenoor die kerk verskil van sy optrede teenoor die wêreld. Christus het nie die wêreld lief nie, Hy bid nie eens vir hulle nie. God is langsaam met sy oordeel oor sy vyande ter wille van die uitverkorenes wat nog onder hulle tot bekering moet kom - God gee bekeringstyd. Dit is liefde. God is egter ook langsaam met sy oordeel oor die goddeloses ter wille daarvan dat die verwerptes die maat van hulle sonde vol moet maak. Dit is haat. God veroordeel verwerpte sondaars tot die hel, nie net hulle sonde nie, maar juis vanweë die sonde.

God is liefde, en as sy liefde in Christus Jesus in sy gesig teruggeslinger word, is daardie selfde liefde sy haat. Haat en liefde is nie opponerende gelyke groothede nie, maar konkurrent, gelyklopende optrede. Liefdesoptrede tot God behels hatige optrede teenoor satan. Niemand kan twee here dien nie, jy sal die een haat en die ander aanhang.

### Onderdeel

Die kerk het nie die reg om eiegeregtig sondaars lief te hê en om net die sonde te haat nie. Wat dan van die sondaars wat vir God haat? Aan wie se kant skaar die kerk hom - God se kant of die wêreld s'n? Na watter kant dring die heiligheid van God ons? Die kerk is God se eiendom. Hy bepaal wat liefde en wat haat is. Weet ons enigsins wat die verskil is? Weet ons hoe eenders liefde en haat is - dat haat 'n onderdeel van vurige liefde is?

### Staak God-lose liefde

Dis tyd dat die kerk sy goddelose liefde tot sondaars staak. En ons begin deur die leuen, om net die sonde te haat, dood te maak deur die Gees van Christus. Dit is egter ook tyd dat die kerk liefdevol begin haat, want God is liefde en Hy haat die leuen en volhardende leuenaar. En die begronding hiervoor is heel eenvoudig: Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, SODAT ELKEEN WAT IN HOM GLO, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

**A.L.A. Buys**

★★★★★

## SKRIFOORDENKING:

### Tema: Aanhou met mooipraat teen die kwaad besoedel die gelowiges se verhouding met die Here.

**Dr. R.L. Vorster**

1 Sam 2:17 en 29: *"En die sonde van die jongmanne was baie groot voor die aangesig van die HERE, want die mense het die offer van die HERE verag ... Waarom verag julle my slagoffer en my spysoffer wat Ek in my woning beveel het, en eer jy jou seuns meer as vir My deur julle vet te voer met die beste van elke offergawe van my volk Israel?"*

Dat kinders dikwels groot droefheid vir hulle ouers op die hals haal, is so oud soos die mensdom self. Dit het immers begin by Kain wat sy broer vermoor het. Hier gaan dit oor die booshede van Eli se twee seuns en gevolglike ellende van hulle vader. Die Here openbaar hier 'n saak wat elke ouer, elke kind, elke ouderling, elke predikant en elke kerkraad ten nouste raak.

As daar ooit twee deugniete was, en dit nogal in diens van die Here, dan was dit hierdie Hofni en Pineas. Terwyl hulle priesters was, het hulle ontug en hoerery bedryf met die vroue wat diens gedoen het by die tent van samekoms. En dan het hulle boonop die beste stukke vleis wat aan die Here geoffer is, met geweld geneem vir eie gebruik.

### Handhawer van wet en orde

Wat doen hulle vader Eli omtrent hierdie gruwelike dinge? Hy moes iets doen want hy was immers die ampsdraer, die hoëpriester en

vader en rigter wat wet en orde moes handhaaf by die tent waar die Here ontmoet is. Eli doen wel iets, maar hoor hoe doen hy dit: "Waarom doen julle sulke dinge ...? Dit moenie wees nie, my seuns... Julle maak dat die volk van die Here oortree." Hy tree slap en halfhartig op. Hy vrees wel die oordeel van Gad maar doen eintlik niks.

## Geen tug

Eli, die ampsdraer, het die erns van die amp waarmee die Here hom beklee het, gering geskat en sodoende pas hy die tug nie daadwerklik toe op sy twee goddelose seuns nie - hy tree nie tot heil van die volk op nie. Hofni en Pineas het hulle vader behoorlik in die sak gehad, sodat hy nie ferm en met heilige durf kon optree nie. Hy hou maar net aan met mooipraat: dit moenie wees nie, my seuns.

Die Here openbaar hier die onhebbelike aanhou-met-mooipraat-bedryf wat nie net in Eli se tyd nie, maar ook orals in ons huislike en kerklike lewe sy kop uitsteek. Die oorsaak daarvan is in ons ouerhuise, want daar word gesê dat daar nie te hard teenoor die kinders opgetree moet word nie. Praat liewer mooi met hulle. Wees meer toeskietlik, sodat die kinders gebalanseerd en selfstandig die lewe kan ingaan. Natuurlik moet ouers nie hard en ontoeskietlik teenoor hulle kinders optree nie - maar as die ouers slegs mooipraat, word 'n dekmantel geskep waaronder die kwaad ongesiens inkruip, want die kinders weet nie meer wie die HERE God is nie.

## Gevolge

Op die lange duur is die gevolg dat dit onmoontlik word om ouerlike gesag na behore te handhaaf. Mens loop teen 'n onsigbare muur vas - en dan klink Eli se woorde ook maar deur ons huise: "Dit moenie wees nie, my kinders," en verder as dit kom dit nie.

Hierdie aanhou-met-mooipraat-sonde maak daarom ook sy merk op kerklike terrein. Hou maar u ore oop vir die dinge wat in kerklike kringe gesê word: Die ouderling en die predikant moet baie meer mooipraat - die lidmate moet sielkundig benader word. Moenie te gou met die tug wees nie, want tugtig jy 'n lidmaat, of spreek jy hom net hard aan, jaag jy hom weg uit die kerk. Die saak het al so ver skeefgeloop dat die ouderlinge meermale bang is om ferm op te tree. Die vrymoedigheid ontbreek en daarom praat jy maar net mooi, soos Eli. Verder as dit kom jy nie. Vader Eli het ook nie verder gekom nie en die bose bedryf van sy seuns het maar voortgegaan in die Here se heiligdom - met ontsettende gevolge.

## Seuns meer geëer

Die Here roep deur 'n onbekende profeet vir Eli tot verantwoording, naamlik dat hy nie langer sy priesterdiens sal uitvoer nie en dat sy twee seuns op een dag sal sterwe. Waarom is die Here se oordeel so streng? Die Here beskuldig Eli dat hy meer ontsag vir sy seuns gehad het as vir die Here. Dit wil sê, terwyl hy van beter geweet het, het hy sy seuns maar laat begaan. Maar die saak gaan veel dieper. Die Here sê ook toe Hofni en Pineas van die beste van die offervleis vir hulle weggeraap het, het hulle die offers aan Hom verag. En wanneer die offers aan die Here geminag word, word sy genade vertrap, word Hyself geminag en sodoende vind daar nie meer 'n ontmoeting tussen hom en sy volk in sy heiligdom plaas nie. Hierdie saak het so ver uitgekring dat die gewone lede van die volk hulle agting vir die Here se offers verloor het.

Die volk was nadelig beïnvloed deur die slegte voorbeeld van hulle ampsdraers en so is die gemeenskap met die Here verbreek. Ons moet weet hoe uiters belangrik die voorbeeld is wat die ouderlinge en diakens en predikante vir die gemeente stel. Deur sy seuns meer te eer as vir God, het Eli toegelaat dat die persoonlike verhouding tussen God en sy volk besoedel geraak het. Omdat die tug nie meer gehandhaaf is nie, het die volk die Here nie meer gedien soos dit hoort nie. Deur 'n aanhou-met-mooipraat-optrede teen die kwaad, laat jy toe dat iemand volhard in die sonde, sodat sy en jou verhouding met die Here in 'n doodloopstraat beland. Aanhou-met-mooipraat veroorsaak dat God se genade geminag word - dit is minagting van Jesus Christus, wat juis gekom het om jou en die ander persoon se verhouding met God te herstel, sodat albei uit genade in gemeenskap met God kan lewe.

## Geen Gees gemeenskap

Wanneer ouderlinge en predikante maar net bly mooipraat met lidmate wat volhard in een of ander sonde, dan raak die lidmate nie net afgestomp vir sondeskuld nie, maar iets veel erger gebeur: die gemeenskap met God deur die Heilige Gees - hulle lewenskanaal met die Here - raak verstop en daar is nie meer ontsag en eerbied vir die HERE God nie. Geen wonder dat die Here so vertoornd oor Eli was nie. Die wegskrammende Eli, sy halfhartige vermanings aan sy twee deugniet-

seuns het dan ook geen positiewe resultate opgelewer nie. Daarom kom die Woord van die Here nou vir 'n tweede maal tot Eli, hierdie keer deur middel van die seun Samuel.

Twee sake kom baie skerp na vore. In die eerste plek sê die Here dat Eli deeglik bewus was van sy seuns se hemeltergende optrede - en daarom word hy self verantwoordelik gehou vir sy kinders se dade. Tweedens noem die Here Eli se swakheid by die naam: hy het nagelaat om sy seuns streng te bestraf. Die woord wat vir "streng bestraf" gebruik word, dui nie slegs op 'n mondelinge bestraffing nie, maar ook op maatreëls wat getref moet word om die kwaad aan bande te lê. Die woord dui op 'n deurtastende optrede tot by die wortel van die kwaad, en daar by die dieptepunt van die boosheid moet die mens voor die lewende God gestel word met "so sê die HERE!".

Eli moes deurtastend opgetree het tot die behoud van sy seuns. As vader en ampsdraer het hy wel gepraat, maar toe dit blyk dat dit nie help nie, moes hy ook die vaderlike- en kerklike tug in werking gestel het. Daarom sal die HERE volgens Eseg 3:18 die bloed van sy kinders van sy hande eis - hy, vader Eli, is die verantwoordelike man.

Dié wat in die Here se diens staan, hetsy kerklik, as ouderling, of huislik, as ouer, die Here eis dat ons telkens in liefde, maar ook deurtastend moet optree teen die kwaad - en nie om te straf nie, maar om te behou. Want sodoende wil die HERE dat ons en ons huismense, sowel as ons medegelowiges, se verhouding met Hom suiwer gehou word.

Die Here eis dit van ons omdat Hy self deurtastend teen die sonde opgetree het toe Hy sy eie Seun na hierdie wêreld gestuur het tot ons behoudenis. Die Here eis dit omdat Hy ook sy Heilige Gees gestuur het, sodat ons deur sy leiding die kwaad kan herken in die lig van God se Woord. Hoe durf 'n kerkraad wat dan die geskiedenis van Eli ken, maar net aanhou met mooipraat met lidmate wat volhard in een of ander sonde? En sal die Here dan nie jou kinders wat slegs mooipraat geken het en sodoende van God vervreemd geraak het - sal Hy nie hulle bloed van jou hande eis nie? Die Here leer ons dat dit elke gelowige, asook elke ouderling en elke predikant se heilige roeping is om mekaar met 'n sagte woord in liefde te vermaan. Maar let deeglik op: Hy leer ons ook om mekaar deur streng vermaning, in die gebrokenheid van hart te staan te bring voor Jesus wat ons doodstraf op die sonde aan sy kruis kom dra het.

* * * * *

## DIE INTERNASIONALE POLITIEK EN DIE KONINKRYK VAN GOD

**Dr. J.F. Kirsten, Dept. Politieke Wetenskappe, PU vir CHO**

Sonder dat die mens van vandag dit altyd besef, voer hy sy lewe binne 'n veeldimensionele politieke konteks. Elke individu op die aardbol is eerstens burger van 'n spesifieke staat waar hy of sy deur politieke strukture en prosesse geregeer word en in 'n mindere of meerdere mate in eie reg 'n invloed uitoefen op die betrokke prosesse en die resultaat daarvan.

Tweedens vorm elkeen se land van inwoning deel van die internasionale stelsel waar die doen en late van ander state (tans meer as 200) en letterlik honderde belangrike internasionale organisasie (soos byvoorbeeld die VN, die OAE, EU, SAOG en OPUL) feitlik daagliks 'n positiewe en/of negatiewe invloed op mekaar uitoefen. Hierdie feit dwing die regerings van state om beleid te formuleer waarvolgens hulle hul verhoudinge met mekaar in eie belang probeer reguleer.

### Twee ryke

Afgesien van die bogenoemde twee vlakke of dimensies waarin die mens leef, is daar uit die oogpunt van die Christen-gelowige ook nog die ryk van Satan en die koninkryk van God. Laasgenoemde twee staan naas die nasionale en internasionale vlakke van die mens se leefwêreld, maar vorm terselfdertyd 'n integrale deel daarvan. Die verskil is egter dat dit onsigbare koninkryke is en slegs aan die hand van sekere resultate of kenmerke geïdentifiseer kan word. Dat dit egter ryke is met besondere politieke karaktertrekke, is seker. Hulle staan immers in 'n kompeterende verhouding tot mekaar en tot die ryke op aarde en speel in op die politieke geskille en prosesse wat daagliks woed tussen die groot en klein moondhede van die wêreld.

Gelowiges verwys dikwels na die koninkryk van God wat naas of in die wêreld en die internasionale politiek 'n plek inneem. Die vraag is natuurlik of dit 'n houdbare perspektief is. In 'n poging om die probleem

ietwat op te helder, word vervolgens kortliks aandag gegee aan die twee temas: die internasionale politiek en die koninkryk van God.

Die internasionale politiek, dit wil sê die prosesse en strukture waarmee die state van die wêreld hulle belange najaag en die ooreenkomste en botsings wat daaruit vloei, is uiters relevant vir ons daaglikse lewe. Elke individu se persoonlike vryheid, besittings, ja selfs ons lewens, is afhanklik van en word grootliks bepaal deur die gebeure wat as gevolg van die verhoudinge tussen state plaasvind. Die dreigende moontlikhede van 'n kernwapenbotsing tussen die Amerikaners en die Russe gedurende die Koue oorlog-periode het die mensdom byvoorbeeld letterlik in voortdurende vrees laat leef. Die hoop is gedurig gekoester dat die Amerikaans/Russiese verhoudinge tog net nie moet skeefloop nie. Met die afloop van die Koue Oorlog het die kerngevaar ongelukkig nie verdwyn nie en vandag is die verspreiding van kernwapens na streeksmoondhede soos Indië, Pakistan, Israel en Noord-Korea 'n realiteit wat die gebruik van hierdie wapens selfs meer moontlik maak as tevore.

## Isolasie nie meer moontlik

Streekskonflikte, soos dié in Suider-Afrika wat nog in 1989 gewoed het, toon ook duidelik hoe die inwoners van state wat daarby betrokke was, daardeur geraak is. Eweneens beïnvloed die ekonomiese beleid van state die welsyn en lewenstandaard van die bevolkings van state. 'Daarvoor sorg die mate waartoe internasionale interafhanklikheid gedurende die laaste twee dekades toegeneem het. Geen staat kan meer in isolasie sinvol voortbestaan nie.

## Eie belang

In die lig van die bogenoemde gedagtes is dit duidelik dat die mens in 'n internasionale politieke konteks leef waarvan hy nie kan ontsnap nie; waar selfgesentreerdheid en eie belang in 'n oorheersende mate die gang van die internasionale politiek dikteer. Dit maak dit begryplik waarom die internasionale gemeenskap oor 'n tydperk van duisende jare deur politieke onrus en oorlog gekenmerk is. Vandag, in die skemering van die twintigste eeu, het absoluut niks hieraan verander nie. State en regerings ken nie soiets soos skulderkennings of berou oor verkeerde dade nie en vir elke oorlog in die geskiedenis het hulle mekaar oor en weer die skuld gegee.

Hiermee is die wesensaard van die internasionale politiek geïdentifiseer naamlik eiebelang-georiënteerd, potensieel plofbaar en anargisties en sonder Christosentriese toekomsperspektief. Sodoende lewer die internasionale politiek en die uitvloeisels daarvan 'n eie unieke bydrae tot die stank van die sonde wat uit hierdie wêreld opstyg. Dit is die reuk wat die Satan natuurlik groot plesier verskaf want dit adem die gees van die verwerping van God en sy gebod. In die gepaardgaande ooreenkomste, oorloë, konflik en wanorde is daar dus sonder twyfel trekke te bespeur van die ryk van Satan in die doen en late van die akteurs in die internasionale politiek.

Die Bybel leer ons egter dat daar midde-in hierdie sondegeteisterde wêreld sprake is van die koninkryk van God. Vir die ongelowige wêreld is dit 'n blote illusie, 'n mens-uitgedinkte sprokie, 'n wankelende riet waaraan 'n klomp desperate idealiste vasklou.

## Onsigbare moondheid

Internasionale politiek is dus die resultaat van die verhoudinge tussen die state van die wêreld. Vir die Christen-gelowige is dit egter 'n feit dat daar nog 'n "moondheid" is wat wel onsigbaar is, maar wat 'n deurslaggewende invloed op die koers van die wêreldpolitiek uitoefen, naamlik die koninkryk van God. Hierdie koninkryk en die geestelike middele en wapenrusting waarmee hy homself laat geld, vorm deel van die politieke werklikheid waarin ons onsself bevind. Sodoende is ons toeskouers van en medewerkers in die skeidings- en siftingsproses waarmee God die Heilige Gees besig is in die volvoering en bereiking van Sy doelwitte in die internasionale politiek van elke dag en die wêreld in die algemeen.

Ons glo dat elke Christen-gelowige 'n burger is van hierdie nou onsigbare "Supermoondheid" wat besig is om te groei en uit te brei tot die magtigste "staat" wat ooit bestaan het of sal bestaan. Met die wederkoms van ons Here Jesus Christus sal alle gelowiges die voorreg hê om die glans, die glorie en die heerlikheid van hierdie "staat" te sien en te beleef (Op.21, 22).

Die belangrikste uitspraak wat oor die koninkryk van God gemaak kan word, is waarskynlik dat dit GOD se koninkryk is. Dit impliseer dat dit hoër, magtiger, heerliker en meer verhewe is as enige aardse ryk. God beskik reeds vir opeenvolgende eeue oor die opkoms en val van wêreldryke. Beter kan dit nie gedemonstreer word nie as in Dan. 5 waar

Nebukadnesar se val aangekondig word. Die Here God handel soewerein oor die mens se geskiedenis, selfs daar waar die vuis in rebellie na die hemel gebal word. Hierdie vertolking van die uitdrukking "die koninkryk van God" bring troos vir almal wat angstig en bang is oor die anargistiese en gevaarlike aard van die internasionale politiek. In Matt. 24:6 wys Christus sy volgelinge juis daarop dat hulle die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë sal hoor maar nie daardeur verskrik moet word nie.

### Word sigbaar

Dit is alles goed en wel, hoor 'n mens iemand sê, dat alles om die koninkryk van God draai en dat alles onvermydelik daarop afstuur. Maar wat sien 'n mens elke dag? Oorloë, terreurdade, kernbomtoetse, peste en allerlei vorme van ellendes! Waar is die koninkryk waarvan die Bybel en die kerk praat? Om uit hierdie doodloopstraat te kom, moet ons onthou dat die geheim van die koninkryk van God die verborge karakter daarvan is. Dit leer die gelykenis van die saaier in Mark. 4 ons. Die koninkryk van God word telkens sigbaar in die lewe van die kinders van God. Ons moet alles bloot aan Hom oorlaat en gehoorsaam ons opdrag uitvoer - saai en groei, vrugte dra in die geloof en met die wete dat die poorte van die hel die koninkryk van God nie sal oorweldig nie.

Toegegee, tans vorm ons steeds deel van 'n histories-geworde situasie waar goed en kwaad saam woeker, waar die koring en die onkruid saam op die land staan (Mat.13). Deur die voortgesette verkondiging van die evangelie van verlossing bly die Here egter sy uitverkore kinders roep. En waar en wanneer die geregtigheid, vrede en blydskap van God die lewe van mense wat in Jesus Christus glo, transformeer, daar kom die koninkryk van God sigbaar en konkreet. Ons moet ons egter nooit laat mislei deur te glo dat die geregtigheid van God in hierdie wêreld met sigbare almag allesoorwinnend en oorweldigend gaan deurbreek nie. Dit leer die Woord van God nie. Trouens, die huidige onbevredigende situasie waar kwaad oënskynlik die oorhand het, sal voortduur tot en met die wederkoms van Jesus Christus. Die roeping van die kerk is om in hierdie gebroke werklikheid enduit te volhard.

### Wisselwerking

Die internasionale politiek en die koninkryk van God is dus in voortdurende wisselwerking. Die burgers van die koninkryk is deurlopend sout en lig vir die wêreld en die evangelie. In die proses bring die Gees van God bloed en vuur in die wêreld wat niks anders is nie as sy oordele oor die mensdom wat die evangelie verwerp. Ja, dit is waar, die kerk van Christus is inderdaad in die wêreld maar nie van die wêreld nie. Daarom kan elke gelowige 'n perspektief op die internasionale politiek nahou wat geen vrees hoef in te boesem nie.

*****

## BESWARE TEEN DIE UITVERKIESING WEERLê

### Johannes Calvyn

### ('n Vertaling van die tweede deel van 'n preek wat Calvyn op 18 Desember 1553 in Geneve gehou het)

Ons sien nou dat dit wat ek gesê het genoegsaam bevestig word deur die Heilige Skrif: God het ons uitgekies nie alleen voordat ons Hom geken het nie, maar voordat ons gebore was, en voordat die wêreld geskep was. Hy het ons gekies deur sy vrye welbehae - en Hy het geen ander oorsaak vir die uitverkiesing gesoek nie. Hy het by Homself hierdie doel beraadslaag - en ons moet dit weet ten einde Hom te loof, soos wat dit ons pas om te doen.

### God se heerlikheid

Sonder hierdie kennis kan ons nie aan God die heerlikheid toebring wat ons aan Hom verskuldig is nie, soos wat in 2 Tes 2:13 aan ons gewys word. Die apostel sê: "Maar ons moet God altyd oor julle dank, ... dat God julle van die begin af verkies het". Hoe "dank" Paulus God in hierdie gedeelte? Hy sê nie alleen dat "hulle glo" nie, maar dat God "ons verkies het". Dan voeg Paulus by dat God mense uitgekies het tot heiligmaking deur sy Heilige Gees, en dat Hy hulle gelei het tot die geloofskennis. Ons het hierdie gedeelte reeds in die Efesiërs (1:3-6) deel behandel. Dit is heeltemal in ooreenstemming met hierdie teks.

### Onderdanig

Maar daar is sekere besware wat in 'n ander rigting dui. Ons weet mos hoe aanmatigend die mense is. Daar is niemand wat nie self ondervind het hoe uiters moeilik dit is om onderdanig te wees nie, sodat ons dit wat aan ons geopenbaar word, in vrede en nederigheid kan ontvang. Dit is noodsaaklik vir 'n mens

dat hy deur God onderwerp word voordat hy sodanig sal optree. Die apostel Jakobus (1:21 ev) dring by ons daarop aan om die Woord van die Here wat tot ons gepreek word, te ontvang, en om dit te doen met sagmoedigheid en 'n gewillige gees.

## Opstand

Ons moet dus nie verbaas wees as mense teen hierdie leer in opstand kom nie -, of as daar baie teenstrydighede is nie. Die feit is dat al God se kinders ontvang, sonder enige uitsondering, wat hulle uit God se mond hoor voortkom en bevestig dus: "Ons moet hieraan vashou, aangesien God dit gesê het".

Om die waarheid te sê, dit is die manier waarop God ons nederigheid wil toets. Dit is waar dat die ganse leer van die Skrif in hierdie rigting dui, maar dit bly steeds die geval dat daar nie 'n meer gepaste leer is om die mens te verootmoedig as juis hierdie een nie - dat God ons uitverkies het deur sy vrye goedheid, aangesien Hy dit wou doen deur sy welbehae.

## God se voorrang

Hoe dit ookal sy, hierdie besware wat gemaak word, moet geantwoord word, alleen deur die gesag van God: naamlik om aan te dui watter soort meesterskap en voorrang God oor ons het. As ons niks meer as dit insien nie, sal dit genoeg wees om die hoogmoed om te gooi van mense wat so kerm teen die leer wat die Heilige Skrif so duidelik aan ons stel. Dit is genoeg om al die bose fantasieë, soos hulle sê, wat die duiwel in die oor kom fluister, af te weer.

## Verstaakte diens

Ek sal begin met diegene wat nederig lyk. Inderdaad kry mens sekerlik die mense wat God vrees, maar wat nieteenstaande dit een of ander gewetensbeswaar of twyfel in die Gees het. Die feit bly bestaan dat hulle God nie genoegsaam gehoorsaam nie, daarom het hulle versteekte trots, en dat God hierdie skynheiligheid moet blootlê wat hulle tot op hede het. Hulle is gewoond om te sê: "Sien, ek is bang om God onregverdig te maak as ek bely dat God uitkies in wie Hy 'n welbehae het." Maar die mense wat só praat, het nie die versteekte kwaad in hulleself raakgesien nie. Wanneer hulle sê: "Ag, maar ek is bevrees dat ek God sal aankla van wreedheid as ek tevrede sou wees dat God nie elke mens uitkies nie."

## Erken skynheiligheid

Mens kan hulle soos volg antwoord: "My vriend, jy wys op hierdie manier net 'n versteekte hoogmoed in jou hart uit, asook dat jy nog steeds nie die skynheiligheid erken wat in jou aanwesig is nie." En om watter rede? Laat ons kyk wat die apostel Paulus in Rom 14:10-13 sê, as hy verklaar dat ons nie mekaar moet oordeel nie, tensy God ons daartoe opdrag gee. Maar hy praat nie van sondes wat alreeds veroordeel is nie, en waaroor ons God se uitspraak het nie, maar oor middelmatige sake.

Ons mag nie mekaar veroordeel oor daardie sake nie, want, so sê Paulus, ons moet almal voor die regterstoel van God staan. Ons is broeders, en moet daarom nie aanneem dat iemand verlore gaan of gered is deur te beweer dat "hierdie een sal val, aangesien hy kwaad doen, en daardie een heeltemal verhoog sal word, aangesien hy, soos ek sê, goed doen." Nee! Nee! Ons Here Jesus moet ons oordeel. En net soos Hy ons verneder, so verhoog Hy ons, want Hy het daardie mag van God, die Vader.

## Versigtig

As die apostel Paulus nie wil hê dat ons aanmatigend moet wees deur mekaar te oordeel nie, smeek ek daarvoor dat ons versigtig moet wees wanneer ons begin om onsself teen God te verhef. Aangesien ons Hom nie wil erken as regverdig nie, tensy dit ons kennis pas nie of tensy die rede vir die uitverkiesing vir ons voor die hand liggend is nie. Watter soort argument is dit? Maar dis juis dié soort argument van die mense wat sê: "Ek is bevrees dat God onregverdig sal wees as Hy op hierdie manier optree." Jy is bevrees dat God onregverdig sal wees as Hy Homself nie aan jou onderwerp nie! Of as jy Hom nie beheer nie, of nie verstaan waarom Hy so 'n ding doen nie - asof God aan jou ondergeskik is. Maar watter arrogansie is dit? Dit is waar dat baie mense nie hierdie kwaad in hulle self herken nie, maar hierdie is die wortel waarby hulle moet uitkom. Ons moet nie ons nietige vrae vra met die bedoeling om God daarmee uit te daag nie en sê: "Ek weet nie of God regverdig is nie. Laat Hy my eers wys hoe en waarom".

## Tevrede met God se regverdigheid

Maar aangesien ons nie sy raad ken nie, en ons nie sulke verhewe breinkrag het om te ontsyfer waarom Hy alles doen nie, moet ons nederig wandel tot op die dag dat die "boek

geopen" sal word, soos ons in Daniël (12:4) lees. Dan, soos die Skrif sê, sal ons sien wat ons nou deur die geloof weet: waarom God Jakob uitgekies het, waarom Hy Esau verwerp het, waarom Hy met mense op hierdie manier handel. Ons sal eers dan, soos ek sê, die rede sien. Maar laat ons vir die huidige daarmee tevrede wees dat God regverdig is, en dat Hy die fontein van alle wysheid is, alle billikheid, alle opregtheid. En laat ons ook terselfdertyd sien wat die rede is.

### Geen antwoord

Sommige dink dat die apostel Paulus nie 'n antwoord gee nie as hy sê: "O mens, wie is jy om jou teen God te verhef?" Maar dit is die beste antwoord wat hy kan bied. Om dit te bewys, laat ons nie aanneem dat God ons nie tevrede kan stel nie, of dat Hy niks te sê het met betrekking tot die vraag wat Hy antwoord nie, en waarin Hy aan ons uitwys: "Dit is waarom Ek dit en dat gedoen het." Maar ten eerste, laat ons onsself voorstel dat God Homself aan ons wil onderwerp, asof Hy voor sy regter staan, om Homself vry te spreek. "Het jy enige iets hieroor te sê? Hier is die rede waarom Ek dit gedoen het."

### Majesteit oorweldig

As God Homself aan ons wou onderwerp, asof Hy 'n verklaring aan ons moet gee oor alles wat Hy doen, laat ons vir 'n oomblik daaroor nadink of ons God se heerlikheid kan begryp, hierdie majesteit in Hom, op 'n manier waarop ons dit kan verduur. Die teenoorgestelde is waar, dit sal ons net oor 'n afgrond laat tuimel, as ons voortgaan met hierdie soort oorweldigende aanmatiging.

### God bly regverdig

En nog steeds, laat ons ons vermoë ken. Dit is dat ons so dom en stompsinnig is dat ons nie kan begryp wat God vir ons wil verberg nie. Maar dan, laat ons verseker vashou dat God regverdige rede het vir wat Hy doen, selfs al is dit vir ons verberg, en dat dinge wat ons nie ken nie, nog steeds 'n werklikheid is. Ons sien egter nog nie van aangesig tot aangesig nie (1 Kor 13:12). Ons sien dit nie met die oog nie, soos Paulus ook in 1 Kor 2:9 sê. Kortliks, ons sal nooit hierdie misterie en geheim verstaan nie, wat so hoog en uitstaande is, as ons nie die nederigheid het om soos volg te bely nie: "Selfs al sien ons nie waarom God op 'n sekere manier optree nie, moet ons steeds tevrede wees dat Hy regverdig is." Ons sal dus altyd voordeel trek uit die kennis van sy wil.

## VOOROORDEEL TEENOOR CALVYN

**Prof. B. Armstrong, Departement Geskiedenis - Georgia State University, Atlanta.**

Die Calvyn van die Institusie en Kommentare het die Calvyn-navorsing gedomineer vir die eerste derde van hierdie eeu. Calvyn die prediker is vir die grootste gedeelte geïgnoreer deur die navorsers tot en met die helfte van die eeu. Tans is daar 'n groot stroom literatuur, boeke oor Calvyn as prediker, en vertalings van sy preke. Die siening is ook al hoe meer dat die Institusie gelees moet word as 'n handboek vir pastorale teologie. Dit is egter nodig om 'n paar dinge te sê oor die bagasie wat moderne mense indra wanneer dit by die ondersoek van Calvyn se werk en nalatenskap kom.

### Geen neutraliteit

Enigiets wat met Calvyn of Calvinisme te doen het, is helaas geensins 'n neutrale aangeleentheid nie. Verder word elkeen wat opgevoed is in die Calvinistiese denke en agtergrond, gekonfronteer deur die probleem om uit te sorteer hoe baie die tradisie met die loop van tyd die algemene beginsels van Calvyn verander en geïnterpreteer het in hulle eie plek en omstandighede. Om die waarheid te sê, dit is een van die sentrale sake waarmee Calvyn homself ook besig hou - hoe om die geskiedenis te herskep, die konteks en die etos waaruit 'n teks ontstaan het, ten einde die oorspronklike bedoeling van die skrywer reg te verstaan, sodat dit reg toegepas kan word in ander omstandighede. Dit is geensins 'n maklike saak om aan aandag te gee nie. Elke navorser oor Calvyn se lewe, tyd en idees is sekerlik bewus van die kloof wat ons skei van die sestiende eeu se siening oor God, die lewe en waardes.

### Probleem

Een punt moet uitgelig word, naamlik dat 'n groot deel van die probleem met vooroordeel te make het. Miskien is die mees verontrustende is die selfvoldaanheid van die huidige generasie. Die huidige geslag beskou hulleself as baie wyser en veel meer ontwikkeld en beter toegerus as ons sestiende-eeuse voorgangers om te verstaan wat regverdig en reg is met betrekking tot alle sfere van die lewe. Ons geslag se verhewe wysheid sluit al die tradisionele waardes en geloof in, of dit nou is om te probeer uitvind wie God is, of wat God doen of nie doen nie,

selfs of God manlik of vroulik is, en of die bestaan van God 'n mite is of nie. Hierdie huidige wysheid sluit in dat daar besluit mag word of daar enige geldigheid in steek om tradisionele christelike waardes te volg as dit by familie, geslag, morele sake kom.

## "Generasiegaping"

Die huidige geslag het natuurlik die vermoë om oor al hierdie dinge besluite te kan neem. Ons generasie het ook besluit dat die sestiende-eeuse wêreld so agter die tyd is en so vreemd dat dit haas onverstaanbaar is, en selfs al sou ons die sestiende eeu kon verstaan, wat sou dit help in ons beskaafde en ingeligte leefwêreld? Ons dink meermale dat dit onmoontlik is om te verstaan wat die sestiende-eeuse skrywers werklik bedoel het. Wat hartseer is, is die feit dat die huidige geslag maar net nie kan aanvaar dat dit ons eie besondere vooroordeel is nie. Die huidige relativistiese en nihilistiese lewensfilosofie is besig om met hierdie vooroordeel 'n nuwe wêreld daar te stel.

## Moderne siening

Wat van belang is, is dat hierdie vooroordeel raakgesien en erken word, veral as dit kom by iemand soos Calvyn. Die literatuur oor Calvyn word gekenmerk deur veroordeling en spottery of,' en dit gebeur deesdae al hoe minder, waardering en instemming. So byvoorbeeld staan in die handleiding vir geskiedenis by die Georgia State University: "Waar Calviniste in beheer was, het hulle gesensor, verbied, verban en gestraf.... Hulle was partykeer kleinlike en bemoeisieke tiranne wat die individu van baie van sy privaatheid, plesier en individualiteit beroof het".

## Tydgenote

Dit is uiters interessant dat Calvyn se tydgenote hom en Luther beide in 'n heeltemal ander lig gesien het. Calvyn was gesien as iemand wat nie 'n onderdrukkende, moralistiese leefwyse geleer en voorgestaan het nie, maar wel 'n genotsoekende leefstyl. Hy is selfs geassosieer met die Nikolaïte waarvan in Open. 6:5 gepraat word. Die Nikolaïte was daarvan beskuldig dat hulle plesier as die hoofdoel van die menslike bestaan beskou het, in besonder seksuele losbandigheid - wat ook logies beteken het dat hulle vroue as algemene besit beskou het (Vgl. die anonieme "Miroire des Calvinistes, Parys, 1560).

Wat moet ons met al hierdie gegewens maak? Wat is die waarheid oor Calvyn? Ek pleit vir 'n gebalanseerde siening van sake. My basiese vertrekpunte is die volgende:

- Calvyn word ten regte gesien as 'n ordehandhawer en tugmeester. Hy was iemand met streng morele waardes, en het energiek gewerk, soms selfs aanvallend, om Christelike morele waardes in Genève te vestig. Maar ons moet dit sien teen die agtergrond dat Genève se ekonomie in daardie stadium baie afhanklik was van kroeë, dobbelary en prostitusie.
- Calvyn was geensins 'n voorstander van 'n vreugdelose, asketiese en finansieel selfontkennende bestaan nie. Om die waarheid te sê, die teendeel is waar. Dat Calvyn vreugde en plesier in die Christelike lewe hoog geag het, kom duidelik uit in sy preke en kommentare op die Psalms.
- Calvyn word verkeerdelik gesien as iemand wat verskillende agendas en metodes gebruik het as verkondiger, kommentator en lektor. Navorsing het getoon dat daar geen substansiële verskil is tussen Calvyn die teoloog, die prediker, die akademiese professor, die Bybelkommentator, en die kerkman nie. In al sy optredes en funksies, sal ons moet aanvaar, is daar onderliggende eenheid in doel en metode.
- Hierdie verenigde bydrae van Calvyn op hierdie terreine moet gesien word teen die agtergrond van sy dag-tot-dag aktiwiteite. Hy was op die kansel om te preek, twee keer op 'n Sondag elke twee weke, en ses keer op weeksdae, met die gevolg dat hy ses duisend uurlange preke gelewer het. Daarby het hy drie keer elke week klas gegee; dit was sy primêre aanstelling. Sy klasse was 'n uur lank en hy het vir seuns tussen die ouderdom 12 en 14 klas gegee, en na 1559 het hy by die Akademie begin klas gee. Dit beloop nagenoeg drie duisend Latynse lesings. Elke Vrydag het hy leidend deelgeneem aan 'n Bybelstudiegroep en biduur wat die predikante van die stad en omgewing bygewoon het. Hy het hierdie byeenkomste altyd afgesluit met 'n lang dissertasie, wat uiteindelik om en by duisend twee honderd beloop het. Hy het ook gereeld die kerkraadsvergaderings bygewoon, hy het gedurig sy Institusie bygewerk, terwyl hy ook baie korrespondensie gehad het om af te handel. Hy het ook nog sy kommentare geskryf (alhoewel die meeste sy lesings en preke is wat net gebundel is). Daar is om die waarheid te sê seker slegs vier egte kommentare, naamlik die Psalms, die harmonie op die eerste vyf boeke van die Bybel, die harmonie op die Evangelies en Josua.

★★★★★

Boekresensie:

## EK GLO EN WERK

1994
Dr. M.J. Du Plessis
Bestelbaar by Koos Smit, (011) 975-6539 op Kempton Park.
262 p, R 50.

Daar verskyn van tyd tot tyd boeke wat 'n samevatting gee van die gereformeerde leer. Hierdie boek beleef tans sy vierde druk sedert 1983. Dr. Du Plessis het die boek oor 'n tydperk saamgestel vir gebruik in die belydenisklas. Wat "Ek glo en werk" anders as ander materiaal vir belydenisklasse maak, is dat die boek ook ingerig is vir na-kategetiese verdieping. In die voorwoord word erkenning gegee aan dr. Jan Venter en ds. Dirk Laufs wat met sekere dele van die boek meegehelp het.

Die boek het vier onderafdelings, naamlik oor die gereformeerde geloofsleer, etiek, ampstoerusting en 'n slotgedeelte oor algemene vrae en antwoorde. Die boek blink uit in logiese uiteensetting. Selfs die nommering is baie nuttig; haas elke paragraaf is genommer en dit maak naslaan baie maklik. Onder die geloofsleer is al die bekende loci daar soos byvoorbeeld "die mens, die sonde, versoening, die heilsorde en die uitverkiesing." Hieronder verskyn ook 'n hoofstuk oor die engele en dit is, alhoewel ietwat kursories, tog betekenisvol dat dit hierby opgeneem is. Hierdie deel gee ook verdere inligting soos watter verskillende soorte kerkregeringstelsels daar is. Dit is uiters sinvol saamgestel en gee in vyf bladsye die kernverskille tussen die gereformeerde kerkregeringstelsel en vier ander. Deurentyd word daar na beide die belydenisskrifte verwys en daar is ook weldeurdagte teksverwysings by elke onderafdeling.

Die tweede deel handel oor aktuele etiese kwessies soos onder andere aborsie, genadedood, kunsmatige bevrugting en orgaanskenking. Daar is ook drie bruikbare hoofstukke oor die New Age-beweging, joga en holisme. Op bladsy 100-104 verskyn 'n lys van New Age-kentekens en verklarings wat baie insiggewend en aktueel is. By die bespreking van orgaanskenking (p 119) word voorwaardes gestel waaraan voldoen moet word: "By die skenking van 'n orgaan (bv. 'n nier) mag jy nie jou eie gesondheid daardeur benadeel ter wille van 'n ander se beter lewe nie. God gee jou die verantwoordelikheid om jou eie lewenstandaard te behou indien dit nog gesond is." Dit is egter bietjie eensydig gestel; watter ouer sal nie sy nier aan sy siek kind skenk nie? Die liefdesgebod se verdiskontering kon dalk sterker na vore getree het. Dit bemoeilik sake om in die etiek reëls en voorwaardes op te stel waaraan voldoen moet word. Hierdie deel kon dalk effens meer Christologies uitgewerk gewees het.

'n Groot deel van die boek (75p) behels ampstoeligting. Hierin lê 'n groot bydrae van die boek tot ampstoerusting. Die ampsdraers kan alleen deur selfstudie hierdie gedeelte deurwerk vir opskerping. Vir iemand wat pas tot die amp verkies is, is hierdie deel van die boek haas onontbeerlik. Die praktiese gerigtheid van die inligting is van groot waarde. So bevat hoofstuk vier (p.167) 'n gedeelte oor hoe die appèlprosedure werk. Dit bevat ook talle praktiese wenke oor hoe die huisbesoek-gesprek ingerig behoort te word.

Die vierde deel van die boek, "vrae aan belydeniskatkisante", is nie soseer gerig op die katkisante self nie, maar op die ouderlinge wat hulle moet ondervra en gewoonlik op soek is na sinvolle vrae. Die vrae behandel ook die belangrikste dele van die kerkgeskiedenis, en die antwoorde is kort en kragtig. Hierdie meer as 200 vrae dek 'n wye veld en bied 'n stewige basis van wat 'n katkisant behoort te weet voordat hy of sy belydenis kan aflê.

Hierdie boek is meer as net 'n boek vir belydeniskatkisante. Daar is tans 'n groot behoefte by volwassenes om op 'n kort, sistematiese manier die geloofsleer deur te gaan. Die behoefte bestaan ook waar lidmate getroud is met mense wat nie van huis uit gereformeerd is, of waar daar tog sekere leemtes ten opsigte van die eie katkisasie bestaan. "Ek glo en werk" voorsien in hierdie behoefte. Vir gebruik by Bybelstudie-groepe, of huisgodsdiens of veral by na-kategetiese opleiding is die boek baie geskik.

* * * * *

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................

Adres: ..............................

..............................

..............................

Poskode: ..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..............................

Datum: .............................. Handtekening: ..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS